

Sing vooraf: Psalm 38:1, 17 (p. 189)

- 1 Straf tog nie in ongenade / my misdade, / HEER, verdra my met geduld.
Wil tog nie in toorn ontsteek nie / en U wreek nie / op my sonde^{en} sondeskuld.
- 17 Wil my, Heer, in hierdie lewe / nie begewe; / wees nie ver van my gebed!
Hoor die roepstem van 'n lyder, / o Bevryder / wat my altyd uit wou red!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 105:1 (p. 514)

- 1 Loof, loof die HEER van alle here! / Verhoog sy Naam en gee Hom ere,
en bring sover daar volke is, / sy dae in gedagtenis;
en spreek met aandag en ontsag / van al sy wonders, dag aan dag.

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Psalm 23:2, 3 (p. 107)

- 2 En is ek soos 'n skaap in doodsgewere, / wat in die velde as 'n prooi van wolwe gaan,
en moet ek in die doodsdal, diep en donker, / van alle hulp ontbloot, in my alleenheid staan –
dan nog ken ek geen doodsvrees of verskrikking / omdat u staf my troos is en verkwikking.
- 3 U bring vir my die tafel in gereedheid, / my hoof druip olie en my beker vloei van wyn,
'n bron van goedheid stroom vir my gedurig; / dit is my gees 'n vreug, my wyande 'n pyn;
dit kroon my lewe met u welbehag; / en in u huis, daar bly ek al my dae.

Skriflesing: 1 Korintiërs 11:20-29. Matteus 26:26-28.

Teks: 1 Korintiërs 11:25-26; Kategismus Sondag 28

Net so ook die beker ná die ete, met die woorde: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis. Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom.

(1 Korintiërs 11:25-26 AFR1953)

Ons gaan vroeg in die nuwe kwartaal weer die Heilige Nagmaal vier. Daarom moet ons daarvoor nadink vir wie die Here die Nagmaal ingestel het.

- Kan enige een die Nagmaal gebruik?
- Dink ook aan die ander kant van hierdie saak: Kan 'n gelowige (lidmaat) sonder meer van die Nagmaal af wegbly?

Ons gaan in hierdie preek na die volgende sake kyk:

1. Die Nagmaal is 'n nalatenskap van die liefde van Christus.

2. Die heilige Nagmaal is aan die kerk gegee omdat die kerk daaraan behoefte het.

1. Die Nagmaal is 'n nalatenskap van die liefde van Christus.

Die sakrament van die heilige Nagmaal word in liefde aan ons gegee deur die Here Jesus Christus.

- Dit was 'n Paasnaweek en die Here en sy dissipels het die aand die Paasfees gevier.
- Die Paasfees was 'n verlossingsfees.

Daardie aand het die Here Jesus die Paasfees verander omdat Hy dit laat oorgaan het in die Nagmaal.

- Meteens was Hy die Gasheer van die maaltyd.
- Hy is ook die Koning van sy kerk – en Heerser oor alle magte.
- Daarom openbaar Hy in hierdie sakrament sy tere besorgdheid oor sy swakke gemeente.
- Nog voordat Hy vir hulle versoening gaan doen het met sy dood, gee Jesus al vir die kerk die troos van die Nagmaal.

In die Nagmaal openbaar Hy Homself as die Krag en die Lewensbron van sy uitverkorenes.

- Omdat Jesus ons liefhet, beveel Hy ons – die gelowiges – om met Hom gemeenskap te hou aan die Nagmaaltafel.
- Dit hang nie van ons af of ons Nagmaal wil vier of nie – Hy beveel die kerk dat hulle dit moet doen. Hy wil daar hulle geloof versterk, en hulle geloof aanwakker.

Elke mens wat dus hoegenaamd daarop aanspraak maak dat hy in die Here Jesus glo, moet ook met Hom gemeenskap beoefen.

- Al sulkes is verplig om Nagmaal te vier. Die keuse berus dus nie by hulle of hulle Nagmaal wil vier of nie wil vier nie.
- Hulle geloof bewerk 'n band tussen hulle en Jesus Christus wat eis dat hulle die Nagmaal moet vier totdat die Here kom.
- As jy dus nie die Nagmaal wil vier nie, bewys jy daarmee dat jy die verbinding tussen die Here en jou nie wil erken nie. Die formulier noem dit “veragting van die sakrament”.

2. Die heilige Nagmaal is aan die kerk gegee omdat die kerk daaraan behoefte het.

Elke ware gelowige besef dat hy in lewe en dood net een troos het, en dit is die verlossing deur die Here Jesus Christus.

- Elke ware gelowige besef dat die duiwel ons aanval en probeer verlei met alles wat sleg is, en dat ons net sal kan oorwin as die Here Jesus Christus ons laat oorwin.

Daarom het die Here ook 'n voorbehoud oor wie Nagmaal mag gebruik.

- Die mense wat so in die sonde leef dat hulle alle geestelike goed mis, en wat met hulle werke en belydenis die duiwel dien, mag nie die Nagmaal van die Here viernie.
- Die Here verbied hulle, want in wese is hulle ongelowiges wat die heiligheid van God onteer met hulle teenwoordigheid aan die Nagmaaltafel.
- Daarom leer die Bybel dat die gelowige homself eers moet beproef, en daarna die Nagmaal mag gebruik.

Wie is die ware gelowiges?

- Die ware gelowige is die wat weet dat hulle sonde doen.
- Die ware gelowige is die wat werklik berou het oor hulle sondes.

- Die ware gelowiges is die wat dit ook voor God bely, en smeeek dat dit hulle vergewe word.
- Hulle kry brood en wyn as simbole van die Here se liggaam en bloed die dag van die kruisiging.
- Die ware gelowiges is die wat versekering van vergifnis van sondes ontvang tydens die Nagmaal – hulle sien die tekens van brood en wyn as tekenend van die Here se genade oor hulle.

Die Nagmaal steek egter nie by die kruis vas nie. Dit gaan baie verder.

- Dit leer die gelowiges dat hulle nou nog gemeenskap het met die lewende Christus.
- Dit maak ook die verre toekoms vir hulle oop omdat die Here by elke Nagmaal die gelowiges weer daaraan herinner dat Hy weer kom om hulle te kom haal na 'n nuwe koninkryk toe.

Die Nagmaal herinner jou dus ook aan die doel waarvoor jy lewe! Daarom is die Nagmaal so belangrik.

- Dit is 'n bevestiging van God se ewige liefde.
- Dit is 'n bevestiging van sy verbondstrou.
- Dit is 'n bevestiging van God se genade oor ons.
- Dit is vir ons 'n troos in hierdie moeilike lewe dat God 'n beter lewe vir ons beskik in die hiernamaals.

Onthou dan wanneer ons Nagmaal vier dat dit 'n maaltyd is wat ons eenheid met die ewige en lewende God demonstreer.

- Laat dit dan u hart weer met egte blydschap en vreugde vervul.
- Laat dit ook weer u hoop op die wederkoms en u verwagtinge van die hiernamaals versterk.

Kom ons lees Kategismus Sondag 28 saam.

Vraag 75: Hoe word jy in die heilige nagmaal daarop gewys en daarvan verseker dat jy aan die enige offerande van Christus aan die kruis en aan al sy weldade deel het?

Antwoord: Christus het my en alle gelowiges beveel om tot sy gedagtenis van hierdie gebreekte brood te eet en van hierdie beker te drink. Daarby het Hy beloof (a), Ten eerste, dat sy liggaam so seker vir my aan die kruis geoffer en gebreek, en sy bloed vir my gestort is, as wat ek met my oë sien dat die brood van die Here vir my gebreek en die beker aan my gegee word. Ten tweede, dat Hy self my siel met sy gekruisigde liggaam en gestorte bloed net so seker vir die ewige lewe voed en verkwik as wat ek die brood en die beker van die Here, as ontwyfelbare tekens van Christus se liggaam en bloed, uit die hand van die bedienaar ontvang en met die mond geniet.

(a) Matt 26:26-28; Mark 14:22-24; Luk 22:19, 20; 1 Kor 10:16, 17; 11:23-25; 12:13.

Vraag 76: Wat beteken dit om die gekruisigde liggaam van Christus te eet en sy bloed wat vergiet is, te drink?

Antwoord: Dit beteken nie slegs om met 'n gelowige hart die hele lyding en sterwe van Christus aan te neem en daardeur vergewing van sondes en die ewige lewe te verkry nie (a). Dit beteken boonop om deur die Heilige Gees, wat tegelyk in Christus en in ons woon, al hoe meer so met sy geseënde liggaam verenig te word (b), dat ons vlees van sy vlees en been van sy gebeente is (c); al is Christus nou in die hemel (d) en ons op die aarde. Dit wil se dat ons deur een Gees – soos die ledemate van die liggaam deur een siel – ewig lewe en geregeer word (e).

(a) Joh 6:35, 40, 47, 48, 50, 51, 53, 54. (b) Joh 6:55, 56. (c) Ef 5:29, 30; 3:16; 1 Kor 6:15; 1 Joh 3:24; 4:13. (d) Kol 3:1; Hand 3:21; 1 Kor 11:26. (e) Joh 6:57; 15:1-6; Ef4:15, 16.

Vraag 77: Waar het Christus beloof dat Hy die gelowiges so seker met sy liggaam en bloed

sal voed en verkwik as wat hulle van hierdie gebreekte brood eet en uit hierdie beker drink?

Antwoord: By die instelling van die nagmaal wat soos volg lui (a): “In die nag waarin Hy verraai is, het die Here Jesus brood geneem, en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: ‘Neem, eet, dit is my liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot my gedagtenis. Net so ook die beker ná die ete met die woorde: Hierdie beker is die nuwe vtestament in my bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis. Want so dikwels as julle van hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom” (1 Kor 11:23-26). Hierdie belofte word ook herhaal deur Paulus waar hy sê: “Die beker van danksegging wat ons met danksegging seën, is dit nie die gemeenskap met die bloed van Christus nie? Die brood wat ons breek, is dit nie die gemeenskap met die liggaam van Christus nie? Omdat dit een brood is, is ons almal een liggaam, want ons het almal deel aan die een brood” (1 Kor 10:16, 17).
(a) Matt 26:26-28; Mark 14:22-24; Luk 22:19, 20.

Amen.

Slotgebed

Psalm 116:1, 7 (p. 569)

- 1 God het ek lief, want die getroue HEER / hoor na my stem uit vrye welbehae;
ek roep Hom aan in al my lewensdae, / Hy skenk my hulp, Hy red my, keer op keer.

- 7 Wat kan 'k die HEER vir al sy guns vergeld? / Wat kan 'k Hom bring uit dank vir sy genade?
Ek sal Hom prys vir sy verlossingsdade / en by die kelk van heil sy Naam vermeld.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 29 Junie 2008